[Engelse teks deur die Premier geteken]

KWAZULU-NATAL TWEEDE AANSUIWERINGSBEGROTINGS WET, 2020 (No. 01 van 2020)

Goedgekeur op 07--03-2020

WET

Om aanpassings aan te bring vir die bewilliging van fondse uit die Provinsiale Inkomstefonds om aan die behoeftes van die Provinsie tydens die 2019/20 finansiële jaar wat eindig op 31 Maart 2020, te voldoen en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

AANHEF

AANGESIEN artikel 226(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat geld alleenlik uit die Provinsiale Inkomstefonds onttrek mag word ingevolge 'n bewilliging deur 'n provinsiale Wet;

AANGESIEN die KwaZulu-Natal Begrotingswet, 2019 (Wet Nr. 2 van 2019), voorsiening maak vir die bewilliging van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds om aan die vereistes van die Provinsie in die 2019/20 finansiële jaar te voorsien;